higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N2

(4110022)

15 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

031Q1E2215

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INDUSTRIËLE ORIËNTERING N2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae met aandag deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n skoon bladsy.
5. Skryf met slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Toon aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Private maatskappye het 'n hoë vlak van deursigtigheid.

2.1.2 'n Mens moet die bepalings en voorwaardes van 'n waarborg nagaan voordat jy iets koop.

2.1.3 'n Besturende direkteur is glad nie verantwoordelik vir die bestuur van 'n maatskappy nie.

1.1.4 Verantwoordelikhede word nie aan 'n toesighouer oorgedra nie.

1.1.5 Rasionalisering is 'n algemene en partymaal nodige manier om op frustrasie te reageer.

1.1.6 'n Behoefte wat bevredig is, is nie meer 'n motiveerder nie.

1.1.7 Om verantwoordelikhede te verander is nie 'n manier om iemand te motiveer nie.

1.1.8 Tuisblyery en traagheid hou nie met mekaar verband nie.

1.1.9 Vlambare vloeistowwe kan nie brande veroorsaak nie.

1.1.10 Frekwensie word nie as die aantal ongelukke per tydeenheid uitgedruk nie.

(10 × 1) (10)

1.2 Verduidelik DRIE maklike maniere om kommunikasie in die werkplek te verbeter. (3)

1.3 Definieer die term *aanspreeklikheid*. (2)

1.4 Noem die VYF behoeftes in Maslow se hiërargie en gee EEN voorbeeld van elk. (5 × 2) (10)

[25]

VRAAG 2

2.1 Onderskei tussen *formele organisering* en 'n *informele organisering*. (3 + 3) (6)

2.2 Emosie lê veel dieper as blote gevoelens.

Noem TWEE reaksies wat uit emosie voortspruit. (2)

2.3 Noem SEWE ongelukke wat nie met werk verband hou nie. (7)

2.4 Noem SES dinge om te doen as iemand 'n ernstige brandwond opgedoen het. (6)

2.5 Definieer die term *organisasiekaart*. (4)
[25]

VRAAG 3

3.1 'n Bank is die waarskynlikste plek waar 'n mens jou spaargeld sal hou.

Noem DRIE soorte spaarrekenings (3)

3.2 Verduidelik die effek wat motivering op kommunikasie het. (3)

3.3 Weerstand teen verandering is 'n normaal.

Noem en verduidelik die DRIE sielkundige vlakke wat bepaal hoe mense op verandering reageer. (3 × 3) (9)

3.4 Kies die korrekte een van die twee terme tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.4.1–3.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

'n (3.4.1 Garansie/Waarborg) is 'n ooreenkoms waarin 'n vervaardiger instem om 'n artikel (3.4.2 reg te maak/te vergruis) as dit binne 'n sekere tydperk nadat dit (3.4.3 gekoop/verkoop) is, sou breek.

Huishoudelike (3.4.4 produkte/materiale), soos elektriese en kombuistoestelle of meubels, kom dikwels met 'n (3.4.5 garansie/waarborg).

'n (3.4.6 Garansie/Waarborg) beskerm en bevorder (3.4.7 verbruikers/ eienaars) se regte.

'n (3.4.8 Garansie/Waarborg) geld net vir 'n spesifieke tydperk nadat 'n mens 'n produk of artikel (3.4.9 gekoop/vernietig) het.

'n (3.4.10 Garansie/Waarborg) is soos 'n versekeringspolis.

(10 × 1) (10)
[25]

VRAAG 4

4.1 Noem VYF nuttige wenke om brande te voorkom. (5)

4.2 Bespreek VIER doelwitte van vakbonde in kollektiewe bedinging. (4 × 4) (16)

4.3 Noem VIER onveilige handelinge in die werkplek. (4)
[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou